# Die oproep tot 'n wêreldkerk

*deur dr. S. C. W. Duvenage*[1]

*I. Wat is ekumenisiteit?*

Die oproep tot 'n wêreldkerk beteken in die gangbare taai van vandag die ekumeniese strewe van die kerk. Die woord kom van die Griekse woord: oikumené wat beteken: die bewoonde wêreld. Daarom hou die ekumeniese strewe in om deur die hele bewoonde wêreld die kerk van Christus tot eenheid te bring.

Ons kan onderskei tussen 'n ware ekumenisiteit en 'n valse ekumenisiteit, 'n regte of suiwere strewe tot eenheid van die kerk en 'n verkeerde strewe tot eenheid.

*II. Die Skrif*

In die Skrif vind ons duidelik aanwysings dat daar 'n roeping is tot eenheid. In Joh. 17:22 en 23 smeek Christus in sy hoëpriesterlike gebed dat die wat aan Hom behoort een sal wees "netsoos Ons een is." Sekerlik het Jesus ook gedink aan sigbare eenheid want die wêreld moet daardeur weet dat die Vader Hom gestuur het. Mag ons nie in die woord van Christus ook 'n opdrag sien om die eenheid te soek nie? (Vgl. Ef. 2:14-22; Ef. 4:1-6; Fil. 4:1-6; Fil. 2:1-4; 1 Petr. 3:8; 1 Joh. 3:14; Judas 19-21).

In die eenheid is tog ook verskeidenheid moontlik. (Mark. 9:3840; Luk. 9:49, 50). En die eenheid mag ook nie geskied met toelating van die dwaling nie. (Rom. 16:17; Gal. 1:7-9; 1 Tim. 1 :.20; Titus 3:10; 1 Joh. 4:1-6;

2 Joh. 9:10; Openb. 2:2, 14-16, 20). Pinkster is die geheim en oorsprong van die ekumeniese strewe.

*III. Die geskiedenis*

Die begin van die ekumeniese aksie, soos ons dit vandag ken, dateer uit die eerste Wêreldoorlog. Nathan Söderblom, Sweedse aartsbiskop van die Lutherse kerk, was daarvan die groot kampvegter. In 1925 vind die eerste konferensie te Stockholm plaas, waar gespreek is oor die onderwerp: praktiese Christendom. In 1927 op die konferensie van Lausanne word gehandel oor geloof en kerkinrigting. Op albei konferensies wás daar baie uiteenlopende opinies. Op die eerste het veral humanisme en Christendom gebots, op die tweede wou sommige die Skrif en belydenis raadpleeg oor wat waarheid is, terwyl ander die subjektiewe en persoonlike oordeel voorop gestel het. In 1937 vind plaas die konferensies te Oxford en Edinburg en besluit word tot die stigting van die Wêreldraad van kerke. Die wêreldoorlog het die beweging 'n groot stoot gegee. In nood van oorlogsgevaar het verskillende kerke hulle op mekaar aangewys gevoel. In 1948 word die eerste sitting in Amsterdam gehou. In 1948 het ook in Amsterdam tot stand gekom die I.C.C.C., die Internasionale Raad van Christelike Kerke en in 1951 in Amerika die W.E.F., die Evangeliese Wêreldgemeenskap.

*IV. Drieërlei uitgangspunt*

By die verskillende ekumeniese bewegings vind ons drie verskillende uitgangspunte: a. Maksimum eenheid met minimum belydenisgrondslag. As voorbeeld kan hier genoem word die Wêreldraad van kerke waar daar eintlik geen belydenisgrondslag is nie. Die grondslag wat daar is, nl. "Christus, God en Saligmaker" kan deur die ledekerke geïnterpreteer word soos hulle wil.

b. Maksimum eenheid gegrond op maksimum belydenisgrondslag. Hier word sekere kerke noodwendig uitgesluit omdat daar 'n definitiewe geformuleerde grondslag gehandhaaf word! Die I.C.C.C. kan as voorbeeld geneem word. Rooms-Katolieke en modernistiese kerke is daar uitgesluit.

c. Losse gespreksgemeenskap sonder enige belydenis grondslag. Hier sou persone en kerke vergader sonder enige aanspraak op eenheid in Christus, sonder enige geloofsgemeenskap dus. Op hierdie wyse kan dan Gereformeerdes en vrydenkers, Rooms-Katolieke en ateïste saamspreek om mekaar beter te verstaan. Dit kan wel plaasvind maar met hierdie motief kan 'n kerk bv. nie by die Wêreldraad van kerke aansluit nie omdat hulle voorgee dat hulle wel geloofsgemeenskap soek.

*V. Wêreldraad van kerke*

Die Wêreldraad van kerke is baie ruim. Dit wil alle kerke wat na die Naam van Jesus Christus genoem word, omspan. In art. 1 van die konstitusie lui dit dat die Wêreldraad 'n gemeenskap van kerke is wat onse Here

---

[1] GKSA professor, PU vir CHO 1968-1978, oorlede: 2010-01-03.

Jesus Christus aanvaar as God en Saligmaker. Dit klink weliswaar ortodoks en dit kan selfs Skriftuurlik vertolk word. Daar is dan ook Gereformeerdes wat aansluiting by die Wêreldraad bepleit met die argument dat die grondslag tog suiwer Skriftuurlik is.

Maar dit is nie so eenvoudig nie, want 'n vrysinnige vertolk die inhoud van die formule soos hy wil en gee dit 'n totaal ander inhoud as 'n Gereformeerde. Dat die Wêreldraad dit ook erken en verwelkom blyk uit die byvoeging by die beginselgrondslag. Dis wel nie te vinde in die konstitusie nie maar tog in 'n offisiële uitgawe: "Die grondslag is geen toetsteen om die geloof van kerke of persone te beoordeel nie. Die Raad bekommer hom nie oor die wyse waarop die kerke die grondslag uitlê nie. Dit word dus aan die verantwoordelikheid van die kerke oorgelaat om te beslis of mens op die grondslag kan saamwerk."

Met die offisiële verklaring het dit moontlik geword dat 'n bonte versameling van kerke met selfs teenoorgestelde opvattinge in een organisasie kan saamwerk. Opvallend is dat vrysinniges wat weier om die Bybel te aanvaar as die onfeilbare Woord van God aan die spits van die beweging staan. T.o.v. die leer oor Christus is die Wêreldraad dus baie vaag en dit weier om verder te interpreteer. T.o.v. die leer van die Skrif is daar nêrens 'n aanvaarding daarvan as die onfeilbare Woord van God nie. T.o.v. die leer van die kerk is die doelstelling 'n eenheid bo geloofsverdeeldheid, 'n valse eenheid dus, 'n superkerk met magsbevoegdheid groter as wat deur die Woord van God ooit aan 'n kerk opgedra is. T.o.v. die maatskappy veroordeel dit beide kapitalisme en kommunisme terwyl dit openlik op 'n sosialistiese standpunt staan.

Aansluiting by die Wêreldraad van kerke is deur die Sinode van die Gereformeerde kerk in Suid-Afrika dan ook pertinent afgewys.

*VI. Die I.C.C.C.*

Die I.C.C.C. is opgerig hoofsaaklik as 'n bolwerk teen die Wêreldraad van kerke en dra tot 'n groot mate die negatiewe karakter. Dit wil getuienis lewer teen die valse eenheid van die modernisrae soos in die Wêreldraad van kerke beliggaam.

Die I.C.C.C. is in 1948 gestig waar 43 kerke uit 29 verskillende lande teenwoordig was. Die tweede internasionale vergadering van die Raad is gehou in 1950 te Genève. Dit was 'n geweldige groot byeenkoms: 83 Protestantse kerke is verteenwoordig deur 450 deelnemers. Daar is sterk op gewys dat alle Protestantse kerke wat nog vashou aan die Bybel as die onfeilbare Woord van God, die hande inmekaar moet slaan en in die tyd van afval in die wêreld 'n verenigde front vorm. Op die kongres is ook die konstitusie definitief vasgestel wat in hoofsaak neerkom op die volgende:

a. Die goddelike inspirasie van die hele Heilige Skrif in die oorspronklike tale, die daaruit voortvloeiende onfeilbaarheid en feilloosheid en, as die Woord van God, die hoogste en beslissende reël vir geloof en lewe.

b. Die drie-eenheid van God: Vader, Seun en Heilige Gees.

c. Sowel die waaragtige, absolute, ewige Godheid, as die waaragtige maar sondelose mensheid van onse Here Jesus Christus.

d. Sy geboorte uit die maagd Maria.

e. Sy plaasbekledende soendood waarin Hy Sy lewe gegee het as 'n rantsoen vir baie.

f. Sy opstanding uit die dood in dieselfde liggaam, waarin Hy gekruisig is en die wederkoms van dieselfde Jesus in mag en heerlikheid.

g. Die algehele verdorwenheid van die mens deur die sondeval.

h. Die redding van sondare as vrug van wedergeboorte deur die Gees en die Woord, nie uit die werke maar uit genade deur die geloof.

i. Die ewige saligheid van die verlostes en die ewige rampsaligheid van die verlorenes.

k. Die ware geestelike eenheid in Christus van almal wat deur sy dierbare bloed verlos is.

l. Die noodsaaklikheid van die handhawing van die suiwerheid van die kerk in leer en lewe, volgens die Woord van God. Onverswak word die Apostoliese Geloofsbelydenis gehandhaaf as weergawe van die

waarheid van die Skrif.

Die mees bekende figuur in die kringe van die I.C.C.C. is dr. Carl McIntire, predikant van die Bible Presbyterian Church in Amerika.

Die derde kongres van die I.C.C.C. is in 1954 in Philadelphia, V.S.A. gehou en die 4de te Rio de Janeiro, Brazilië in 1958.

Die grondslag van die beweging sowel as die doelstelling daarvan soos te vinde in die boek van dr. Carl McIntire: "Modern Tower of Babel", is behoudend en sover ons kan sien, Skriftuurlik.

Die Sinode van die Gereformeerde kerk in Suid-Afrika 1958 het nietemin om verskeie redes besluit om nie aan te sluit by die I.C.C.C. nie, hoofsaaklik omdat daar op verskeie punte nog nie heeltemal duidelikheid was nie. Vandaar dat 'n studiedeputaatskap benoem is.

*Die Geref. Ekumeniese Sinode*

Die eerste Geref. Ekumeniese Sinode was die Sinode van Dordrecht in 1618, 1619. Na die verloop van meer as drie eeue is die eerste Ekumeniese Sinode weer deur Gereformeerde kerke gehou. Dit het plaasgevind in 1946 in Grand Rapids, V.S.A. Dit is gevolg deur die Sinode van Amsterdam in 1949, Edinburg in 1953 en die van Potchefstroom in 1958.

Gereformeerde kerke van die wêreld kom in hierdie Sinode saam en gemeenskaplik word gepoog om die lig van Gods Woord in aansluiting aan die Gereformeerde Belydenis te laat skyn oor die aktuele vraagstukke van leer en lewe. In hierdie aksie het die Gereformeerde kerk in Suid-Afrika vanaf die begin 'n leidende en belangrike rol gespeel.

*VIII. Valse eenheid*

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat ons tans t.o.v. die ekumeniese beweging in die wêreld 'n valse en 'n suiwere doel kan onderskei.

By die Wêreldraad van kerke vind ons 'n valse doelstelling nl, die totstandkoming of vorming van een enkele kerk, waarin al die kerke van die wêreld, Protestants, Rooms-Katoliek en Grieks-Katoliek hulle sou kan verenig. So 'n verenigde kerk kan genoem word 'n superkerk. Daartoe stuur die Wêreldraad van Kerke. Dit wil nie maar 'n plek van samespreking van interkerklike probleme vorm nie — maar 'n wêreldkerk, 'n superkerk.

Daarby kom dit dan nie soseer aan wat die belydenisgrondslag is nie; Eenheid bo geloofsverdeeldheid dus.

Verder moet vermeld word dat die leiers afstuur op totalitarisme. So 'n verenigde kerk wat die hele wêreld omvat, sal beklee wees met totalitêre mag oor alles op Christelike gebied. Daar sal geestelike oorheersing en godsdienstige monopolie kom, erger as wat die V.V.O. op die terrein van die volkere uitoefen.

*IX. Suiwere eenheid*

'n Egte eenheid is alleen moontlik in Christus. Trouens wie in Christus is, is in waarheid een. En die grondslag van elke suiwere poging tot eenheid mag niks anders wees nie as die absolute erkenning van die Skrif as die onfeilbare woord van God.

Eenheid mag nooit gesoek of geforseer word as daar nie volkome instemming is ten opsigte van die Woord van God nie. Daar is dan ook in die verband 'n groot en heilige roeping vir die kerk om die hand uit te steek na ander wat op dieselfde belydenis staan. Die nood van die tyd maak die roeping des te meer klemmend. Aan die ander kant moet skerp afgewys word alle bose raadslae wat teen Gods heilige Woord bedink word. Dit is ook 'n ekumeniese roeping.

Die oproep tot 'n wêreldkerk is geen ydele oproep nie mits die verwesenliking daarvan in suiwere bane gesoek word. Trouens, wat ons elke Sondag bely, moet ons ook poog om te belewe: “Ek glo aan een heilige algemene Christelike kerk.”